



NUUSBRIEF: Maart 2019

## **SKOOLHOOF EN KOSHUISOUERS GROET GRAAFF-REINET**



Op 1 Oktober 2013 het Hennie van Rooyen by Hoër Volkskool as skoolhoof diens aanvaar. Hy en sy gade, Amanda, het by die Volkskoolspan aangesluit en was vir vyf jaar in Graaff-Reinet .

Weens gesondheidsredes het die egpaar besluit om af te skaal en het hulle na Richardbaai verhuis.

Ander personeel van wie ons by Hoër Volkskool afskeid geneem het:

Mev. M Mynhardt: Engelse onderwyseres vir die afgelope vyf jaar

Mnr. E Itterhagen-Strauss: Besigheidstudies onderwyser vir 1 jaar.

Me. S Vorster: Afrikaans en Engels onderwyseres vanaf April 2018

Mev. Hestie Clegg: Kantoor vanaf 2017 en Klerewinkel vanaf 2013



Mevrou Magda van Heerden, het na 12 jaar by Hoër Volkskool afgetree. Sy was vanaf 2008 verbonde aan HVS en was 'n trotse inwonende personeellid van Huis Cronjé. Sy was hoofsaaklik verantwoordelik vir Afrikaans Huistaal, graad 8 - 10 en het vir 'n paar jaar Kuns en Kultuur vir graad 8 en 9 onderrig.

Magda was by baie buitemuurse bedrywighede by die skool betrokke:

\*Sy het vir 'n kort periode saam met mnr. Beyers Cronjé .22-skiet (geweer) afgerig en het self Springbokkleure in .22-skiet verwerf: 1975-1979.

\*Sy het by die atletiek hoogspring afgerig.

\*Sy het skaak afgerig en was verantwoordelik vir die buitemuurse skaakbord wat in die skool se vierkant pryk.

\*Sy het Redenaars afgerig. Elke jaar het daar redenaars deurgedring tot die ATKV se semi-finale rondtes onder haar vlerk. Een jaar het een van haar leerder tot die finale rondte van die ATKV-kompetisie gevorder, wat 'n baie goeie prestasie is!

\*Sy was ook in beheer van die skool se Vasvra. In 2017 het die vasvraspan die ATKV/Die Burger Vlymskerp Vasvrakompetisie vir hoërskole in die Oos-Kaap gewen. Sy reël ook gereeld interne debatskompetisies in die skool en neem elke jaar 'n Debatspan na die jaarlikse Woordfees in Stellenbosch. Een jaar se span het deurgedring tot die finale rondte en vier ander jare se spanne het tot die semi-finale rondtes deurgedring.

Magda van Heerden het diep spore in Hoër Volkskool se gange getrap. Ons wens haar alle voorspoed en 'n rustige aftrede saam met haar man, Cobus, toe. Hulle boer naby Murraysburg .

## HVS NUUS



Elcarla Jonkers, Brendan Wiid, Chanté Coetzee, Sumaritha Steenkamp en Jané Venter.

Me. Jonkers kom van Oudtshoorn waar sy aan die HTS Môrester gematrikuleer het. Sy het haar B.Ed. graad aan die PUK in Ingenieursgrafika en Ontwerp en Besigheidstudies voltooi . Sy gaan Besigheidstudies by Hoër Volkskool aanbied. Sy gaan baie betrokke wees by die kultuur van die skool.

Mnr. Wiid kom van Durban af, waar hy sy B.Ed Intermediêre tot Senior Fase aan die Universiteit van KwaZulu Natal voltooi het. Hy gaan English First Additional Language graad 8 - 10 aanbied. Hy gaan sy gewig by die hokkie ingooi.

Me. Coetzee is 'n oudskolier van Hoër Volkskool en het in 2014 hier gematrikuleer. Sy het haar B.Ed Intermediêre tot Senior Fase voltooi by Kovsies. Sy gaan ook baie help met die hokkie en tennis by die skool.

Me. Steenkamp het aan die Hoërskool Vryburg gematrikuleer. Sy het haar B.Ed Honneursgraad voltooi en sy gaan Afrikaans Huistaal vir die FET-fase aanbied. Sy gaan baie betrokke wees by die kultuur van die skool.

Me. Venter kom van Bloemfontein af, waar sy ook haar B.Ed. Senior en FET-fase voltooi het. Sy gaan haar toespits op veral Toerisme en Verbruikerstudies by die skool. Sy is ook 'n ywerige netbalafrigter en -skeidsregter.

Hoër Volkskool is baie trots op ons nuwe onderwyserskorps vir 2019. Daar is baie nuwe gesigte in die plek van die oues wat ons verlaat het. Alhoewel ons met swaar harte afskeid geneem het van die oues, is

## LVS NUUS



### NUWE PERSONEEL BY LAER VOLKSKOOL:

Vyf nuwe personeellede het in Januarie 2019 by Laer Volkskool aangesluit:

Ruben van Zyl (Graad 7)

Anine Hayward (Graad 5)

Elisma le Roux (Graad 1)

Jean-Maré Kock (Sportorganiseerder)

Janine van Schalkwyk (Remediërende onderwyseres).

Baie welkom by Laer Volkskool en ons is opgewonde oor hierdie jaar wat voorlê.

## NUWE KOSHUISOUERS VIR HUIS EYBERS

Laer Volkskool het die 2019-skooljaar met nuwe koshuisouers by die skool se koshuis, Huis Eybers, afgeskop.

Die egpaar, Johan en Verna Nieuwoudt, het vanaf Pretoria na Graaff-Reinet verhuis. Johan het daar as 'n konstruksiebestuurder en Verna as 'n suster by die Primêre Gesondheidsorg gewerk.

Hulle het twee kinders, 'n seun Anrich (Graad 7) en 'n dogter, Tanya (Graad 9).

Johan is reeds baie betrokke by Laer Volkskool se sport en sal hy hom toespits op die afrigting van krieket en rugby by die Laer Volkskool.

Baie welkom by Laer Volkskool en Huis Eybers.



# Trots Volksskool

## KOSHUIS NUUS

Dit is wat Huis Eybers bied: 'n huis vir die kinders in die week. Daar is soveel omgee, hulp met studie, selfs genoeg tyd vir speel. Talle verslae mammas moes al op 'n Vrydag na skool hoor hulle kan maar plaas toe gaan omdat die seuns graag die naweek ook hier wil bly. Selfs die graad 1's wat Januarie met groot oë hier ingestap het, het vinnig aangepas en is heel tuis in die koshuis.



Huis Cronjé se bestuur het besluit om meer ruimte te skep waar kinders in die middag kan ontspan en tyd buite geniet. Diegene van julle wat in Huis Cronjé was, sal onthou waar die wasgoedlyne aan die agterkant van die koshuis was. Daardie hele terrein word nou omskep in 'n braaiplek en kuierarea vir die koshuis. Met behulp van 'n TLB kon die harde terrein vinnig gelyk gemaak word. Dit is selfs ingespan om gate vir die bome wat daar geplant gaan word te grawe. Daar is ook 'n sloot gegrawe vir 'n spekboomheining wat aangeplant is.

Die area gaan beslis baie gebruik word.



Koshuisvader, Joco van Schalkwyk, het saam met die seuns in die grond gewerskaf om die heining te aan plant.

Die koshuis is naweke oop vir kinders wat van vêr kom en nie elke naweek kan huis toe gaan nie. Kinders kan ook Vrydagaande inbly op naweke wanneer daar op 'n Saterdag sport is.

### VOLKSKOOL HOKKIENUUS:

Baie welkom aan Claudia Cooke. Sy is as Direkteur van Hokkie aangestel en het in Januarie 2019 by Volkskool diens aanvaar.

Claudia is 'n veelsydige sportvrou. Sy het baie sukses op die hokkieveld behaal en self provinsiale hokkie gespeel.

Claudia gaan betrokke wees by die ontwikkeling van hokkie by Hoër en Laer Volkskool en is die afrigter van Hoër Volkskool se eerste hokkiespan.

Die foto is geneem na 'n suksesvolle naweek op die hokkieveld tydens 'n toernooi in Oos-Londen



### RUGBYNUUS:

Heinz Bertram, hoofseun van 2018, is verlede jaar na 'n kniebreek en intensiewe rehabilitasie opgeneem in die O.P. 0.19 rugbyspan wat deelgeneem het aan die VKB toernooi. Tydens daardie toernooi is hy deur die Sharks Rugby Akademie en Central Univertisy of Technology geïdentifiseer en is hy beurse aangebied. Beide beurse is van die hand gewys omdat dit nie sy studieveld aangebied het nie. Hy is tans by die Rugby Instituut in Potchefstroom opgeneem en lid van die 0.19 rugbyspan. Hy studeer Sportwetenskap.

Nog 'n 2018 matriekleerling, Cullin August, se talent was ook verlede jaar tydens die VKB toernooi raakgesien. Hy is 'n beurs aangebied deur Stellenbosch Rugby Akademie en het Januarie vanjaar by hulle aangesluit.

Hierdie is weereens 'n bewys dat 'n plattelandse skool soos Volkskool genoeg blootstelling en geleenthede aan ons leerlinge bied.

Ons hou die twee rugbysterre se vordering dop!



# Trots Volksskool

## HVS NUUS

### HVS SE REKENAARKLAS:

Rekenaarstoepassingstegnologie is een van die vakke wat by Hoër Volksskool aangebied word. Neil Schreuder is die onderwyser wat dit aanbied. Die klas is met veertig rekenaars toegerus. Dit word egter nie net vir RTT gebruik nie. Die vak IGO wat deur Beyers Cronje aangebied word maak ook gebruik van die rekenarsentrum om die program AutoCAD te gebruik.

CAMI se Lees- en Wiskundeprogramme word vir die graad 8 klas aangebied. Hierdie klasse vind tydens skoolure plaas. Die res van die skool mag ook van hierdie sentrum na-ure gebruik maak.

Die klas is onlangs opgradeer en dit is hoe die nuwe fasiliteit by ons skool lyk.



## OUDSKOLIEREBOND SE MUSEUM



## 2016 - 2018 SE NAAMBORD-ONDERSTEUNERS

DENEWALD BROERS	MATRIEKS - 1976	MATRIEKS VAN 1967 "50" JAAR	MATRIEKS - 1986
N MORKEL (DOUBELL) MATRIEK 1966	MATRIEKS - 1976	MATRIEKS 1978 "40 JAAR"	MATRIEKS - 1986
	MATRIEKS - 1976	MATRIEKS 1978 "40 JAAR"	MATRIEKS - 1986
			MATRIEKS - 1986
MATRIEKS 1982	HUMPHRY NELL MATRIEK 1950	BADSFONTEIN VAN DER MERWES	
NICHOLAS VAN DER MERWE MERWE BOERDERY		MATRIEKS1998 "20JAAR"	
		MATRIEKS1998 "20JAAR"	

Daar is spasies beskikbaar:

Wit = R1 000.00

Maroen = R5 000.00

Silwer = R50 000.00

## IS U AL DEEL VAN DIE TOP 100 MET 100-SPAN??

Indien u die nuusbriewe tot hier verslind het, weet ek dat u 'n TROTS VOLKSIE is. Daar is 'n rede hoekom ek nuusbriewe gevul met goeie prestasies en suksesverhale kan publiseer en daardie rede is Oudvolksies met 'n passie vir VOLKSKOOL. Baie dankie aan elkeen wat per debietorder 'n maandelikse bydrae lewer. Baie dankie aan skenkers wat eenmalige donasies gee. Dankie ook aan reüniegroepe wat tydens die reünies 'n naam-bord vir u klas aangekoop het. Ons waardeer u ondersteuning.

Ons projek, Top 100 met 100, se doel is om met Oudvolksies se hulp in 2022 as een van die Top 100 skole in Suid-Afrika gereken te word. 2022 is die jaar wanneer Volkskool 'n 100 jaar oud is. Is u al deel van die Top 100 projek?

Ons volgende projek word binnekort bekend gestel. Hou ons sosiale blad dop vir meer inligting.

### HOE KAN U BETROKKE RAAK

Laat die akroniem **SARS** u regop sit? Is u 'n besigheidseienaar en elke jaar as die belastingaanslag kom, kook die bloed oor die bedrag wat u moet betaal net sodat dit moontlik misbruik gaan word? Die Volkskool Oudskolierebond is geregistreer as 'n nie-winsgewende organisasie (NPO). Die belastinggeldjies wat so swaar verdien is, kan met 'n glimlag hul weg vind na Volkskool en u kan gebruik maak van belastingvoordeel wat dit u besigheid bied. Bespreek asseblief 'n moontlike skenking/donasie met u finansiële bestuurder of ouditeur.

Die finansiële uitdagings is baie groot en die skool het in die moeilike ekonomiese tye u finansiële ondersteuning dringend nodig. Daar is baie leerlinge met talent wat finansiële bystand nodig het. Jaargroepe kan moontlik kragte saamspan en 'n kind "aanneem" en finansiëel bystaan ten opsigte van skool- en koshuisgelde. Kontak my indien u belangstel om op so 'n manier betrokke te raak.

<https://volkskooloudskoliere.alumnet.co.za>

Dit is die skakel na ons Alumnet-platform. Gaan registreer asseblief en bly op hoogte met al die nuutste Volksienuus. VOLKSKOOL OUDSKOLIEREBOND se Facebookblad is gevul met al die prestasies en nuusgebeure.

**Volkskool Oudskolierebond Alumnet-  
platform word met trots geborg deur:**



# Trots Volkskool

REÛNIE: 9 & 10 Augustus 2019

Jaar-groep	SAMEROEPER	
1954 <b>65</b>	Connie van den Berg Tel nr: 0498910315 Liebenbergstraat 17, Graaff-Reinet Prof. Christo Viljoen Sel nr: 0726070418 E-pos: <a href="mailto:hcv@sun.ac.za">hcv@sun.ac.za</a>	Sel nr: 0796449535  Tel nr: 021 8833754
1959 <b>60</b>	Prof Almero Weyers Sel nr: 0833393210 E-pos: <a href="mailto:weyersa@webmail.co.za">weyersa@webmail.co.za</a>	
1964 <b>55</b>	<b>Florence Botha</b> : organiseerder (Somerset-Oos) Sel nr.: 0714213855 / 082 796 6048 E-pos: <a href="mailto:deopstal@gmail.com">deopstal@gmail.com</a> <b>Piet Theron</b> : finansies (Port Elizabeth) Sel nr: 0832327984 E-pos: <a href="mailto:pandmtheron@gmail.com">pandmtheron@gmail.com</a>	
1969 <b>50</b>	Pietro Terblanche Sel nr: 0832460982 E-pos: <a href="mailto:cazter@mweb.co.za">cazter@mweb.co.za</a>	
1974 <b>45</b>	Tor Lombard Tel: 021-9760597 E-pos: <a href="mailto:tor@lomattorneys.co.za">tor@lomattorneys.co.za</a>	Sel nr: 0836282506
1979 <b>40</b>	Stan Basson Sel nr: 0829235404 E-pos: <a href="mailto:snbasson@mweb.co.za">snbasson@mweb.co.za</a>	
1984 <b>35</b>	Marius Slabbert Sel nr: 0836599998 E-pos: <a href="mailto:maruis@condio.co.za">maruis@condio.co.za</a>	
1989 <b>30</b>	Jan Greyling Sel nr: 0828973939 E-pos: <a href="mailto:jan.greyling@kaapagri.co.za">jan.greyling@kaapagri.co.za</a>	
1994 <b>25</b>	Ernst van den Berg 082 414 2296 E-pos: <a href="mailto:ernstvandenber@gmail.com">ernstvandenber@gmail.com</a>	
1999 <b>20</b>	Roelie Jordaan Sel nr.: 0720265030 E-pos: <a href="mailto:roelien.jordaan@gmail.com">roelien.jordaan@gmail.com</a>	
2004 <b>15</b>	Inalise Pienaar (Bollie) Sel nr. 0722155622 E-pos: <a href="mailto:bollieusa@yahoo.com">bollieusa@yahoo.com</a>	Fanie van der Merwe Sel nr: 0711026223 E-pos: <a href="mailto:sjfvdmerwe@gmail.com">sjfvdmerwe@gmail.com</a>
2009 <b>10</b>	Alinda Retief Sel nr: 0727506204 E-pos: <a href="mailto:auretief@gmail.com">auretief@gmail.com</a>	
2014 <b>5</b>	René Kemp Sel nr: 0609897242 E-pos: <a href="mailto:kemprene24@gmail.com">kemprene24@gmail.com</a>	

EENMAAL 'n VOLKSIE, ALTYD 'n VOLKSIE!!